191. T. 4.1(5)

# HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS

## TOEKENNING VIR 1982 : DR. ULRICH MENNEN

Die voorsitter van die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs-trust, prof. H.B. Thom, maak bekend dat die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs vir 1982 toegeken is aan dr. Ulrich Mennen van die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Pretoria.

Dr. Mennen is afkomstig van Baberton, en het sy geneeskundige studie op briljante wyse aan die Universiteit van Pretoria deurloop, waar hy aan die einde van 1970 sy MB ChB verwerf het. As geneesheer was hy vervolgens gevestig in Krugersdorp, in Wes-Duitsland en in Engeland, om daarna weer na Suid-Afrika terug te keer en te werk in die Kalafong-Hospitaal, die Tygerberg-Hospitaal en dan veral in die Hendrik Verwoerd-Hospitaal, Pretoria.

Sy vernaamste belangstelling het egter van vroeg af in navorsingsrigting gelê, meer bepaald op die terreine van die Chirurgie en die Ortopedie. In Oktober 1979 slaag hy die finale M Med-eksamen in Ortopedie aan die Universiteit van Pretoria; en die volgende jaar registreer hy as ortopediese chirurg by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Inmiddels het sy navorsingswerk steeds onverpoosd voortgegaan.

Sy projekte is veral toegespits op die ontwikkeling van klampe en ander delikate toerusting en instrumente wat by gebeente-breuke aangewend word. Hy meen bv. dat hy daarin geslaag het om 'n eenvoudige metode te vind wat - meer as konvensionele metodes - operatiewe trauma reduseer, endosteale vate preserveer, beskadigde gebeentes versterk, operasietyd verkort en derhalwe ook 'n aansienlike besparing van koste meebring. Oor hierdie navorsingswerk het dr. Mennen deur middel van referate en artikels al heelwat bekend gemaak, en dit het dan ook belangstelling opgewek by deskundiges in sowel Suid-Afrika as die buiteland. As dit tot suksesvolle voleindiging gebring kan word, sal dit betekenisvolle bydraes tot 'n meer doeltreffende hantering en behandeling van gebeentebeskadiging en -breuke kan lewer.

. . .

Indien dit gebeur, sal die trustees van die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs-trust opreg dankbaar wees, want dit sou presies inpas by die doelstellings met hierdie beurs.

Die beurs bedra R1 500; dit word vir een jaar toegeken, en is bedoel om gekwalifiseerde geneeshere ondersteuning vir verdere navorsing te gee. Wyle dr. Verwoerd het die instelling daarvan moontlik gemaak toe hy die geldelike deel van die Hendrik Verwoerd-Toekenning (R10 000), wat in 1966 aan hom aangebied is, nie vir homself wou aanvaar nie en versoek het dat dit gebruik moet word om 'n geneeskundige of tandheelkundige beurs in die lewe te roep, waardeur 'n bydrae gelewer kan word om die smart van lydende mense te verlig.

Vir inligting mag ek byvoeg dat dit die tiende keer is dat die beurs toegeken word: vorige toekennings het geskied aan ander jong geneeshere van Pretoria, en ook aan kandidate van Stellenbosch en Bloemfontein.

H.B. Thom

H.B. THOM
VOORSITTER: RAAD VAN TRUSTEES
HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS-TRUST

Datum: 26 Nov. 1981

HBT/mm